Sondag 18 Oktober
Skrifgedeelte: Jesaja 43:1-7
Fokusgedeelte: Jesaja 43:4

## Jy is kosbaar in God se oë

Wat is jou waarde? In 'n wêreld waar mense jou meet aan prestasie, sukses en die uiterlike, klink God se stem anders: Jy is kosbaar in My oë, geëer, en Ek het jou lief (Jes. 43:4).

Hierdie woorde is oorspronklik aan Israel in ballingskap gerig – 'n volk wat misluk het, sondig was, en aan hulleself oorgelaat gevoel het. Alhoewel hulle die straf van die ballingskap verdien het, het die Here hulle nie gelos nie. In sy liefde en trou sê die Here vir sy verbondsvolk: "Jy is Myne." Dié boodskap geld ook vir ons, deur Christus.

God herinner hulle (en ons) daaraan: Ek het jou geskep, Ek het jou gevorm, Ek het jou verlos. Jy is nie toevallig nie. Jy is nie vergete nie.

Vir ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges word hierdie versekering nog duideliker as ons hoor dat ons gekoop is teen 'n duur prys – die kosbare bloed van Christus (1 Pet. 1:18-19). Dit is die grond van jou identiteit. Daar is niks in ons wat ons kosbaar maak nie – alleen die Here se verlossing. Maar juis die duur prys van Christus se bloed waarmee Hy ons uit die sonde losgekoop het, maak ons kosbaar.

Hy belowe nie dat ons die vuur of waters van beproewing sal vryspring nie, maar Hy sê: "Ek is met jou." Selfs in jou diepste pyn of grootste twyfel is jy nie alleen nie. Sy teenwoordigheid dra jou, want jy is syne.

Hierdie liefde roep ons op tot geloof, vertroue en gehoorsaamheid. Jy is nie jou eie nie – jy behoort aan Hom wat jou verlos het.

Leef dan met dié sekerheid: Jy is kosbaar vir God. Jy is geroep, gekoop en gevorm – tot sy eer.

*Sing: Psalm 103-1:2, 3*
*Dr. JD (Juan) Mienie (Zeerust)*